

## 19. Jeug en Onderwys

### 19.1 RAPPORT DEPUTATE KATKISASIE (Artt 135, 136, 189)

- A. Ds BR Kingma lewer die Rapport.
- B. **Besluit:** Punt 2 (besluitnemings) staan oor.
- C. Ds PJ Nel rapporteer namens die Katkisasiedeputate.

#### D. RAPPORT

##### 1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

###### 1.1 *Opdrag:* Acta 2012:153-155.

- 1.1.1 Die handleidings moet voortdurend hersien word in die lig van behoeftes by gemeentes en die kinders, kommentaar en volgehoue studie oor die beste metodes.
- 1.1.2 Die handleidings volledig in Engels te vertaal.
- 1.1.3 Veral in die hoërskool meer lesse beskikbaar te stel as net die hoeveelheid wat met een lesgeleentheid per week benodig word, sodat die kategeet self kan kies wat hy wil behandel.
- 1.1.4 Die gebruik van multimedia in die onderrig optimaal uit te bou deur onder andere kundigheid vanuit die kerkverband hiervoor te gebruik.
- 1.1.5 Samewerking met die CO- en Jeugdeputate voort te sit.
- 1.1.6 Die behoeftes van kinders vanuit die vorige Sinode Middellande en Klassis Capricorn op deurlopende basis te ondersoek en op versoek te hanteer.

###### 1.2 *Uitvoering van die opdrag*

Die Deputate rapporteer soos volg hieroor:

- 1.2.1 Die handleidings is die afgelope termyn hersien. Redaksionele wysigings soos waar nodig, is aangebring.
- 1.2.2 Die volgende handleidings is sedert die vorige Sinode in Engels vertaal en beskikbaar:
  - Graad 1 – Werkboek vir katkisante
  - Graad 1 – Handleiding vir ouers
  - Graad 1 – Handleiding vir kategete
  - Graad 2 – Werkboek vir katkisante
  - Graad 2 – Handleiding vir ouers
  - Graad 2 – Handleiding vir kategete
  - Graad 3 – Werkboek vir katkisante
- 1.2.3 Verdere vertaalde handleidings behoort met die aanvang van 2015 beskikbaar te wees.
- 1.2.4 Die kategese handleiding oor basiese Bybelkennis naamlik *Dieselfde God altyd aan die werk* is nagesien vir spel- en tikfoute en lesse wat per abuis uitgeval het in die eerste uitgawe, is herskryf. Die nodige veranderings sal met 'n herdruk aangebring word.
- 1.2.5 Die hoeveelheid lesse vir die hoërskoolleerlinge is uitgebrei soos in die opdrag van die Deputate omskryf. Hierdie lesse het ten doel om die kategeet ruimte te gee om na gelang van behoeftes en omstandighede sekere temas in meer as een les te beklemtoon.
- 1.2.6 Die Deputate kon die terrein van multimedia betree in die aanbieding van katkisasielесе.

Die Graad 3 handleiding is verwerk sodat die ouer en kind ook die inhoud van 'n betrokke les op 'n interaktiewe wyse saam kan deurwerk op rekenaar. Die medium is op laserskyf beskikbaar by die Administratiewe Buro en het as titel *Leer van My Kategese-werkboek Graad 3*.

Die Graad 1 handleiding is ook reeds volledig verwerk tot 'n interaktiewe aanbieding soos in die geval van Graad 3. Die Deputate is besig om die verwerking na te gaan met die oog op beskikbaarstelling aan die kerke.

Die gebruikmaking van multimedia in die aanbieding van katkisasielesse is 'n tydsame proses en ook duur. Die Deputate gee daarom stelselmatig aandag aan sodanige verwerking van die handleidings.

- 1.2.7 Die handleiding vir katkisanter met spesiale behoeftes is tans op laserskyf beskikbaar. Aangesien dit moeilik is om die aanvraag hiervoor te bepaal en die druk van klein hoeveelhede handleidings baie hoog is, kan hierdie handleiding by die Deputate bekom word.
- 1.2.8 Een vergadering is saam met die CO- en Jeugdeputate gehou. Tydens die vergadering is die besondere toerusting van die jeug binne gesinsverband onder andere sterk beklemtoon.
- 1.2.9 Die vorige Algemene Sinode het aan hierdie Deputate opdrag gegee om ondersoek in te stel na die behoeftes van kinders uit die voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn. In oorleg en op aanbeveling van die broeders uit hierdie kerke is daar besluit dat die bestaande Engelse vertaling van die handleidings grootliks in hulle behoefte voorsien. Die rede hiervoor is dat hierdie kinders grootliks in hulle skole in Engels onderrig word en dat die kinders hulle gevolglik beter tuis voel in Engelse onderrig. Die Deputate is egter ook in 'n proses om persone te vind wat die bestaande handleidings vir graad 1-4 in Xhosa, Zulu, Tswana en Sesotho kan vertaal vir kinders wat in hulle moedertaal onderrig word.
- 1.2.10 'n Behoefte wat sedert die vorige Sinode na vore gekom het, is handleidings vir kinders met gesiggestremdheid. 'n Versoek is ontvang om een handleiding in Braille te vertaal en te laat druk. Die Deputate skenk hieraan aandag.
- 1.2.11 Die gids vir ouers waarin die noodsaaklikheid van verbondsonderrig, die nodige wisselwerking tussen die kategeet en die ouers van die katkisanter, die behoeftes van katkisanter in die verskillende leeftydsmeses en ook die metodiek van die handleidings uiteengesit word, is steeds beskikbaar vir kerke.

**Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.11 kennis geneem.**

## **2. Sake waaroor die Sinode besluit**

- 2.1 Die Sinode wys weer Deputate vir katkisasie aan.
- 2.2 Die Deputate Katkisasie ontvang opdrag om:
  - 2.2.1 Die handleidings voortdurend te hersien in die lig van behoeftes by gemeentes en die kinders, kommentaar en volgehoue studie oor die beste metodes van onderrig.
  - 2.2.2 Die verskillende behoeftes van kinders met verskillende leerhindernisse aan te spreek en handleidings vir sodanige kinders te voorsien in samewerking met instansies soos skole met kinders met leerhindernisse en ander kundiges in die veld.
  - 2.2.3 Moontlikhede om onderrig deur middel van die multimedia te ondersoek en sodanige handleidings beskikbaar te stel.

**Besluit: Punt 2 (besluitnemings) staan oor.**

## **E. AANVULLENDE RAPPORT**

### **1. Uitvoering van die opdrag**

Die Deputate rapporteer aanvullend soos volg:

- 1.1 Die Deputate het begin met die samestelling van 'n handleiding vir hoërskoolkinders waarin hulle oor 'n aantal jare begelei word in die samestelling van 'n geestelike portefeulje. Alle belangrike sake in die jongmense se geloofsgroei sowel as sy/haar dienswerk, word hierin aangespreek. Hierdie handleiding gaan egter nog tyd neem om te voltooi.
- 1.2 Die Deputate benodig kundige lidmate wat hulle behulpsaam kan wees in die vertaling/verwerking van kategeese handleidings in Tswana en Sesotho. Pogings om geskikte lidmate vir hierdie doel te kry, was nie geslaagd nie.

- 1.3 Die Deputate het ook begin om die gids oor verbondsonderrig deur ouers in 'n kursusformaat te verwerk sodat gemeentes dit meer doeltreffend kan gebruik.

**Besluit: Punt 1 staan oor.**

## **F. RAPPORT VAN DIE SAMESPREKINGS**

### **1. Sake waarvan die Sinode kennis neem**

- 1.1 Die Katkisasiedeputate het staande die Sinode gesprek gevoer met die afgevaardigdes van nie-Afrikaans en nie-Engelssprekende kerke oor hulle behoeftes aan kategetiese lesmateriaal.
- 1.2 Onsekerheid bestaan by die kerke oor watter lesmateriaal wel beskikbaar is en oor waar dit bekom kan word.
- 1.3 Die behoefte is uitgespreek om wel kategetiese lesmateriaal in hulle onderskeie tale te bekom.

**Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.**

### **2. Sake waaroor die Sinode besluit**

- 2.1 Die Katkisasiedeputate ontvang opdrag om nie-Afrikaans en nie-Engelssprekende kerke van alle inligting te voorsien oor beskikbare lesmateriaal en die verkryging daarvan.
- 2.2 Die Sinode hierdie kerke versoek om die Deputate van hulp te wees in die vertaling van bestaande handleidings in die tale van hulle behoefte of in die ontwikkeling van nuwe materiaal wat in hulle behoefte voorsien.

**Besluit: Punte 2.1 en 2.2 goedgekeur.**